# Lesing 10.04.2018 - DEEL 14 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

## Die tye volgens Openbaring 6

Wanneer `n mens berekeninge van die eindtyd doen, is die een getuienis waaraan jy altyd moet vashou, die kronologiese volgorde van die gebeure in die boek Openbaring. Die een groot gebeurtenis wat nog nie plaasgevind het volgens my mening nie, is die oopmaak van die 6de seël.

*12 En ek het gesien toe Hy die sesde Seël oopgemaak het, en kyk, daar was **'n groot aardbewing**; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed;* *[Boekrol van die Opregte 6:11; JeségiEl 38:19]*

Hierdie aardbewing sal van so `n omvang wees dat die hele wêreld daarvan kennis sal neem. Hierdie aardbewing sal globaal wees en sal verskriklike verwoesting saai. Selfs die son en die maan sal vir `n tyd lank verduister wees. Lees verder watter kataklismiese oordele gaan die aarde nog tref.

*13 en die **Sterre van die Hemele** het op die Aarde geval, soos 'n Vyeboom wat deur 'n groot Gees geskud word, Haar navye laat afval;*

*14 en die **Hemele het weggewyk** soos 'n Boekrol wat toegerol word, en al die **berge en eilande is uit hulle plekke versit**;* *[JeshaJaH 24:19]*

Hierdie kataklismiese ding kan nou elke dag verwag word. Verder aan lees ons van konings en hooggeplaastes wat hulleself gaan wegsteek in die spelonke en gate in die berge. Kennis wat ons bekom het, bevestig dat die toplui van die VSA wel ontsaglike stede onder die aarde voorberei het vir hierdie kataklismiese gebeurtenis. Mount Pony is so `n stad in die VSA wat gebou is vir sulke tye. Dan sluit Johannes hierdie hoofstuk af met die volgende profesie.

*17 want **die groot dag van Sy toorn het gekom**, en wie kan bestaan?*

Dus is die oopbreek van die sesde seël ook "die *groot dag van Sy toorn*". Dit moet mos dieselfde dag wees van Esegiël waar Hy so aanhoudend herhaal, "*Die einde kom, die dag kom*".

**Hoofstuk 7** van Openbaring behandel die verseëling van die diensknegte op hulle voorhoofde, wat saamgelees kan word met die gedeelte van Esegiël se hare wat in sy slippe bewaar is en wat nie uitgewis sal word nie. Die Boodskapper sê:

*3 en gesê: Moenie die Aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die **diensknegte** van onse Elohey op hulle voorhoofde **verseël** het nie.* *[JeségiEl 9:3,4]*

*9 **Ná hierdie dinge** (na die dag van JaHWeH met die gepaardgaande kataklismes) het ek gesien, en kyk, daar was **'n groot menigte** wat niemand kon tel nie, uit al die nasies en die stamme en die volke en die tale; hulle het gestaan voor die Troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;* *1[Boekrol van Henog 65:12; 2 Ezra 13:39]*

Na hierdie sesde seël sal baie miljoene mense hulleself doodskrik en baie vinnig tot bekering kom en sodoende beweeg na die versamelpunt van ons Messias en Sy eerstelinge by die Berg Sion (Openbaring 14:1) wat reeds bewys is dat dit in Suid-Afrika sal wees.

## Die droom van Marinda Niemand

Gedurende verlede jaar het Marinda `n snaakse droom gehad wat ons nooit kon verstaan nie. Eers nadat die visioen van Aletta bekend geword het, het ons haar droom verstaan.

Sy het gedroom van `n vrou, dit was `n tipe hemelse wese met pragtige wit, maar nie blonde hare nie, wat soos wol of katoen gelyk het. Die vrou het teen `n muur van `n gebou wat in aanbou was, geleun. Sy was baie ver verwagtend, haar maag het letterlik ver uitgesteek. Toe vra Marinda hierdie vrou, "hoe lank moet jy nog gaan", en toe antwoord sy, "nog 280 dae".

Die verklaring kan niks anders wees as volg nie: Die gebou wat in aanbou was, was die geestelike huis, die Sionshuis wat in Suid-Afrika is. Die vrou was Sion, die simboliese vrou wat die Seuntjie sal baar. Volgens **Jesaja 66:8** lyk dit beslis of sy probleme gehad het om te kraam en toe meteens van haar kind verlos is.

In daardie selfde jaar droom sy ook van die Boek van Herinnering wat op `n betonvloer lê met `n onbekende boek bo-op. Beide was met `n wit doek toegemaak. Aanvanklik kon ons nie agterkom wat die boek was wat bo-op die Blou Boek gelê het nie. Nou weet ons dat dit die Nuwe Openbaring van Johannes is. Beide sou vir `n bepaalde tyd onder `n sluier verberg word, totdat die regte tyd sou aanbreek.

## Opsomming

Vanuit hierdie kort geskrif is dit dus duidelik dat

Gedurende die afgelope paar weke het onverklaarbare gebeurtenisse redelik gereeld in die nuus begin opduik.

Aardbewings kom so gereeld voor dat rekords daarvan nie eers mee opgedateer kan word nie. (Berig op Internet)

Europese lande gaan gebuk onder temperature wat nog nooit in menseheugenis ervaar is nie. In Spanje was dit al 46 grade Celsius? In Engeland is die daaglikse temperature 36 grade plus.

In Nieu Zeeland is die aardkors geweldig onstabiel, want die hele eiland is gebou bo-op `n aktiewe vulkaan. Diere tree al vir `n geruime tyd buite hul karakter op.

In die VSA vind daar op 15 Augustus 2003 `n algehele kragonderbreking aan die ooskus plaas wat 50 miljoen mense vir byna een dag sonder krag laat, selfs tot so ver as in Kanada! Tot nou toe is daar nog geen verklaring daarvoor gegee nie.